

Dinsdag 13 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 12:7-12

Fokusgedeelte: Openbaring 12:10

Die oorwinning is behaal

Die Seun is gebore (vorige gedeelte). Die Verlosser Jesus Christus voltooi sy verlossingswerk. Daarom is die oorwinning 'n werklikheid en die mag van die draak (die duiwel) word verbreek. Die beskrywing van die oorlog (Op. 12: 7-9), waar Migael en sy engele die draak en sy trawante oorwin, dui op die oorwinning op grond van die bloed van die Lam (vs 11). Die duiwel het geen aanklaggronde teen die gelowiges meer nie (vs 10), Hy het geen staanplek in die hemel nie (vs 9). Die oorwinning en vryspraak is verseker!! Daarom is daar 'n gejuig in die hemel (vs 12) en ons as God se kinders jubel en juig saam! Dit is die rede van ons jubeling. En tog, hier op aarde beleef ons nog gebrokenheid, versoekinge en stukkendheid, en soms is dit asof dinge so skeefloop. Vers 12 sê dat die duiwel met woede hier op aarde besig is om te probeer vernietig, omdat hy weet dat sy tyd min is. Ons moet weerstand bied, ons moet die bose beveg, die tyd hier op aarde gaan soms moeilik wees, dit sal soms swaar gaan en tog leef ons vanuit die oorwinning, tog stry ons die stryd, want ons weet dit is nie 'n moedelose stryd nie, ons leef op grond van die bloed van die Lam.

Ons kan volhard tot die einde toe, want die oorwinning is behaal en sal volkome sigbaar word wanneer hierdie bedeling verby is. Jy is in die arms van God wat jou in Christus se liefde vashou, jy word bepaal deur Christus jou Koning, wat vir jou die oorwinning behaal het, wat regeer. Die duiwel kan woel en spartel, jy hoef nie.

Sing: Skrifberyming 11-2:1, 2

Ds. CJ van Heyningen (Johan) (Stellenbosch)